# HOOFSTUK 1

# ORIËNTERING

## 1 Inleiding

In opdrag van die Regering het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in 1981 die huidige onderwysbedeling ondersoek. Die ondersoek het tot gevolg gehad dat voorstelle ingedien is wat, indien dit aanvaar sou word, ´n nuwe bedeling in die Onderwys in die RSA tot gevolg sou hê.

In die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys - 1981 [hierna Verslag van die hoofkomitee (1981) genoem], het dit duidelik geword dat finansiering van die onderwys ´n belangrike saak van die nuwe bedeling sal uitmaak. Oor hierdie onderwerp het die Verslag van die finansiële werkgroep - 1983 [hierna Verslag: finansiële werkgroep (1983) genoem], ´n volledige navorsingstuk uitgereik.

Uit genoemde verslae word dit duidelik dat, met die strewe na pariteit in die onderwys, die staatskas in die toekoms ´n groter las sal moet dra as wat tot op hierdie tydstip die geval was. Om hierdie las te verlig, sal dit nodig wees om staatsbydrae te verminder en die finansiële verantwoordelikheid van die ander regeringsvlakke te verhoog.

Volgens die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika - 1983 (hierna Witskrif genoem), wat op die Verslag van die hoofkomitee (1981) gebaseer is, en ook volgens die Verslag: finansiële werkgroep (1983), blyk dit dat die finansiering van die onderwys grootliks gesentraliseer sal word. Dit impliseer dat die derdevlak-regering groter verantwoordelikheid sal moet aanvaar vir onderwysfinansiering as wat tot nog toe die geval is. Uit die verslae kan afgelei word dat die groter verantwoordelikheid ook oorgedra sal

word aan die skool om die nodige fondse te bekom om in die behoeftes van die leerlinge te voorsiën soos blyk uit die aanbevelings van die onderwystaakgroep in Witskrif [1983: 19(3.3.4 (b) (v)] wat die heffing, administrasie en toewysing van skoolgelde as verantwoordelikheid van ´n ouerverteenwoordigende liggaam wil bepaal.

## 2 Probleemstelling

Tot op die huidige stadium is min navorsing in die RSA gedoen oor die finansiële bestuurstaak van die skoolhoof, in besonder met betrekking tot die beplanning van die onderwysfinansies op skoolvlak. Slegs Niemann (1985) en Horn (1985) het oor finansiële onderwysbestuur navorsing gedoen.

Niemann (1985:1) het aangetoon dat, met die nuwe stelsel van onderwysfinansiering wat in die vooruitsig gestel word, die finansiële bestuurstaak van die skoolhoof sal vergroot. Huidiglik is die hoof slegs verantwoordelik vir die hantering van ´n skoolfonds wat bestaan uit finansies wat op verskeie maniere ingesamel word om in daardie behoeftes van ´n skool te voorsien wat nie voldoende of glad nie deur die onderwysowerheid voorsien word nie, en verder hanteer en administreer hy in mindere mate finansies wat deur die onderwysowerheid gebruik word.

Drie kategorieë finansies kan onderskei word:

* Departementele gelde wat op ´n <u>per capita</u>-basis aan skole toegewys word, en wat slegs administratief deur die hoof bestuur word.

* Koshuisgelde en gepaardgaande daarmee beursgelde.

* Skoolfonds wat hoofsaaklik van die ouergemeenskap verkry word deur middel van bydraes en insamelings. Hierdie kategorie word in die geheel deur die hoof bestuur.

Dit blyk uit die inleiding dat die hoof, met die implementering van die nuwe voorgestelde stelsel van finansiering, groter bestuurs-verantwoordelikheid met betrekking tot onderwysfinansies gaan kry. Tans is die finansiële bestuurstaak, veral ten opsigte van die beplanning van die skool se finansies, reeds ´n omvangryke taak. Hierdie navorsing sal toegspits wees op die stand van sake soos dit vir die huidige hom voordoen, en die probleme onderliggend aan finansiële beplanning sal nagevors word.

Finansiele beplanning vereis ´n hoë mate van bestuurskundige kennis. Aangesien onderwysersopleiding toegespits is op die primêre taak van ´n onderwyser, nl. onderwysvaardighede wat verband hou met die klaskamerpraktyk, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat hoofde van skole nie ten volle toegerus is om onderwysbestuur met vertroue te bedryf nie.

Uit wat genoem is, kan die volgende probleme geïdentifiseer word:

* Bestuursopleiding tydens indiensopleiding geniet nie voldoende aandag nie.

* Tydens indiensopleiding word wel aandag gegee aan personeel-, leerling-, klaskamer- en terreinbestuur, terwyl finansiële bestuur nie tot sy reg kom nie.

* Die groot verantwoordelikheid wat op die skouers van die hoof rus om onderwysfinansies te beplan, noodsaak pertinente aandag tydens indiensopleiding aangesien groot bedrae geld betrokke is.

* Finansiële onderwysbeplanning vereis toepaslike bestuurskundige kennis terwyl onderwysersopleiding en indiensopleiding nie genoegsame prominensie daaraan verleen nie.

* Daar bestaan 'n behoefte by hoofde van primêre skole aan bestuursgerigte opleiding.

* Die ouers in 'n skoolgemeenskap se betrokkenheid met betrekking tot finansies word nie ten volle benut nie.

3 Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing was om antwoorde op die volgende vrae te verkry:

3.1 Daar is fondse in u skool nodig vir die behoorlike funksionering van die skool:
* Hoe word die fondse verkry?

* Wat is die voorskrifte wat skoolfonds onderlê?

* Wie is betrokke by die hantering van skoolfinansies?

3.2 In die hantering van skoolfinansies is noukeurige beplanning noodsaaklik:
* Watter fondse moet beplan word?

* Hoe moet die beplanning gedoen word?

* Wie is almal by finansiële beplanning betrokke?

* Watter bestuurskundige kennis is nodig om skoolfinansies te beplan?

## 4 Verklaring van enkele begrippe soos in die titel

### 4.1 Onderwysbestuur

In hierdie navorsing is onderwysbestuur beskou as: "daardie reëlbare handelinge wat deur ´n persoon of liggaam in ´n gesagsposisie in ´n bepaalde area uitgevoer moet word ten einde opvoedende onderwys te bereik" (Van der Westhuizen, 1984:64).

In bogenoemde definisie word melding gemaak van handelinge (take) en areas waarin die handeling uitgevoer word. Daar sal kortliks by hierdie begrippe stilgestaan word.

* Bestuurstake (-handelinge): Wanneer in hierdie navorsing van onderwysbestuur gepraat word, word implisiet na bepaalde handelinge of take verwys wat deur ´n hoof uitgevoer moet word. In die Opvoedkunde is daar hoofsaaklik drie benaderingswyses wat na bestuurstake in bestuur verwys, t.w.

- administratiewe prosesbenadering wat die take van ´n bestuurder (hoof) slegs as administratiewe aktiwiteite beskou en nie ´n duidelike onderskeid tussen die taak en die terrein waarin dit uitgevoer moet word, tref nie.

- Die bestuursrolbenadering van Mintzberg stel die terrein waarop ´n bestuurder (i.e. hoof) sy taak volvoer, voor as rolle wat gevul word. Hierdie benadering is te algemeen van aard en bied nie genoegsame riglyne van die bestuurswyse en -area waarop die take uitgevoer moet word nie.

- Die mees aanvaarbare benadering wat ook in hierdie navorsing gebruik is, is die bestuurstaak-en bestuursareabenadering wat aan die hand van ´n aantal outeurs vier hooftake uitlig wat as die vernaamste bestuurstake van ´n persoon in ´n leiersposisie beskou kan word. Hierdie vier hooftake is beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening. Elk van hierdie hooftake word deur ´n aantal subtake ondersteun. Dit is dan ook bekend as die BOLB-benadering.

* Bestuursareas

Bogenoemde bestuurstake word op skool op spesifieke terreine of areas uitgevoer soos onder andere klaskamerbestuur, personeelbestuur en leerlingbestuur, om enkele take te noem. Een van die belangrike bestuursareas is finansiële bestuur, en, soos byvoorbeeld personeelbestuur, word finansiële bestuur ook volgens die BOLB-benadering uitgevoer, aangesien al vier die hoofkomponente van die bestuurstaak- en bestuursareabenadering hier aanwesig is.

4.2 Finansiële onderwysbestuur

Niemann (1985:18) verwys na finansiële onderwysbestuur as bestuurshandeling wat verband hou met die finansiële aspek van ´n skool. Die doel is steeds in lyn met alle bestuurshandelinge, naamlik om effektiewe onderwys te bereik. Soos personeelbestuur of administrasiebestuur in ´n skool ´n eie terrein beslaan en eiesoortige optrede vereis, beslaan die finansiële aspek ook sy eie besondere terrein, en vereis dit eiesoortige optrede.

4.3 Beplanning

Van der Westhuizen (1984:177) noem beplanning die spil waarom bestuur draai. In die BOLB-benadering tot bestuur vorm beplanning die eerste van vier bestuurstake.

Sonder beplanning kan die gaping tussen ´n bestaande toestand en verwagte gebeure nie sinvol oorbrug word nie (Koontz en O´Donnell, 1964:71). Omdat beplanning toekomsgerig is, moet die werklikheid en moontlike uitkomste deeglik in ag geneem word.

In die bespreking van bestuurstake (4.1) is melding gemaak van die vier hoofbestuurstake wat deur die subtake ondersteun word. So word beplanning onder andere deur doelwitformulering, beleidmaking, besluitneming en probleemoplossing ondersteun. Kenmerkend van die hoofbestuurstake en subtake is dat werkwoorde gebruik word wat aantoon dat dit ´n aktiwiteit is wat uitgevoer moet word.

Voorafgaande bespreking van beplanning kan deurgetrek word na finansiële beplanning in die onderwys, aangesien die finansiële terrein van ´n skool ´n belangrike komponent uitmaak van die hoof se bestuursterrein.

Ons kon dus volstaan deur te sê dat finansiële beplanning ´n weldeurdagte, toekomsgerigte bestuursaktiwiteit is wat deur ´n hoof uitgevoer word met doeltreffende onderwys as doel.

5 Terrein van navorsing

Hierdie navorsing word beperk tot die beplanning van skoolfinansies as bestuurstaak van die hoof van die Blanke primêre skool onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Omdat daar beduidende verskille is in die aard en omvang van finansiële beplanning in primêre en sekondêre skole, is slegs primêre skole in hierdie navorsing betrek.

Alleenlik die hantering van gebruiksfondse is in die navorsing betrek, aangesien fondse wat deur die departement hanteer word nie ter sake is nie omdat die hoof slegs ´n administratiewe rol vervul.

6 Metode van ondersoek

Die volgende navorsingsmetodes is aangewend:

6.1 ´n Literatuurstudie is vir sowel primêre as sekondere bronne onderneem.

6.2 ´n Empiriese ondersoek is met behulp van ´n gestruktureerde vraelys gedoen. Hoofde van Blanke primêre skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement is betrek.

6.3 ´n Rekenaarsoektog volgens die DIALOG-metode is onderneem met die volgende trefwoorde:

* financial management
* primary school
* financial planning
* financial administration

7 Voorgestelde hoofstukindeling

Hoofstuk 1:

Oriëntering ten opsigte van die voorsiening, probleemstelling, navorsingsdoel, begripsverklaring en terreinafbakening.

Hoofstuk 2:

Die finansiële bestuurstaak van die hoof met besondere verwysing na die aard, omvang en hantering van die skool se skoolfonds.

Hoofstuk 3:

Die aard en omvang van finansiële beplanning met besondere verwysing na die hantering van die skoolfonds.

Hoofstuk 4:

´n Empiriese ondersoek met behulp van ´n gestruktureerde vraelys is geloods waarna die data ontleed en geïnterpreteer is.

Hoofstuk 5:

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

8 Samevattend

In hoofstuk 1 is die probleem rondom finansiële beplanning as onderwysbestuurstaak genoem. In die volgende hoofstuk sal die beplanningstaak van die hoof in fyner besonderhede bespreek word. Daar sal klem gelê word op die aard van skoolfinansies, die wyses van insameling en terreine van besteding soos dit in die praktyk aangetref word.